


Deel #1

Inleiding



1.1 Die Bybel is 'n menslike en Goddelike boek

Die Bybel is deur gewone mense geskryf:

- **Inligting is mondelings oorgelewer**

In Bybelse tye het mense nie baie geskryf nie.

Hulle het in 'n "orale kultuur" geleef.

Kommunikasie was hoofsaaklik mondelings: **geskiedenis, verhale, ooreenkomste, regsuitsprake** was eers alles mondelings gedoen. **Leer het veral mondelings in verhoudings plaasgevind:** van pa na seun, vakman na leerling, ens. So is **veral die historiese materiaal in die Bybel vir 'n tyd eers net oorvertel (en het dit 'n vaste formaat gekry).**

- **Bronne het op skrif ontstaan**

Die verhale wat in omloop was, is **mettertyd op Skrif gesit**. Bundels het op verskillende plekke ontstaan en is geleidelik **saamgevoeg en geredigeer** volgens vorm en inhoud (onthou *dit het nog nie die status van goddelike geskrifte gehad nie*).

Sommige Bybelboeke is natuurlik direk op skrif gestel, bv. geskrewe profesie, poësie en briewe, (maar het ook redigering ondergaan).

- **Die Skrif word as goddelik aanvaar**

Met tyd is besef dat **hierdie werke goddelike gewig dra**. Dit het **betroubaar** vertel van God se optrede met mense. Mense wou nie langer daaraan verander nie. Na honderde jare was daar **in die verskillende geloofsgemeenskappe amptelike konsensus dat die seleksie boeke wat ons ken God se Woord is net soos dit daar staan.**

Die Bybel is egter ook God se Woord:

- **Die Gees se inspirasie**

Die Skrif getuig self dat **die Bybel deur die Heilige Gees geïnspireer is en ons aanvaar dit in geloof** van die hele Ou en Nuwe Testament. Alhoewel die Bybel geskryf is deur gewone mense in gewone omstandighede met gewone bedoelinge, **bemerk ons agter dit alles die werk van die Heilige Gees**. Ons bemerk die goddelike waarheid en die betroubaarheid daarvan.


- **Die Gees se illuminasie**

Dieselfde Heilige Gees wat die Skrif geïnspireer het, maak dit weer vir ons lewend. Soos ons dit lees, werk die Gees in ons om die Skrif te verstaan, te ontvang en toe te pas. **Die Gees maak die Skrif duidelik, druk dit op ons hart en wys ons hoe om te reageer**. So word die Skrif God se Woord. Miljoene mense se lewens is verander deur die lewende Woord:

Heb 4:12 Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.

Dit is **belangrik dat ons goed werk met beide kante van die Bybel** – albei is belangrik:

- **As menslike boek** moet ons die spesifieke tradisies en kontekste wat dit voortgebring het in ag neem – anders mis ons die regte boodskap (en gee elke mens sommer sy eie betekenis aan 'n vers).
- **As goddelike boek** moet ons die Bybel saam met die Heilige Gees lees. Dit gaan nie vir ons oor blote feite of Bybelwetenskap alleen nie – ons het 'n hunkering na God se stem, se leiding, se lewe!



1.2 Hoe om die Bybel te lees

Die terme **Bybel**, **Woord** en **Skrif** is sinonieme, maar het soms 'n eie klem, bv. die term:

- “Bybel” beklemtoon soms die uiterlike of menslike aspek daarvan, of sy ontwikkeling;
- “Woord” beklemtoon soms die goddelike aspek of God se boodskap in die Bybel.

● **Ons MOET die Bybel lees.** Sonder God se Woord kan ons beswaarlik vir God ken, of met Hom in verhouding leef, of geestelik reg groei. **Dit is amper onmoontlik.** God se Woord is:


- **noodsaaklik** – daarsonder sal ons bv. nie vir Jesus Christus (*God-met-ons*) kan ken of volg nie
- **betroubaar** – die Woord vertel vir ons inderdaad betroubaar hoe God is en wat sy wil is
- **duidelik** – die Woord kan deur enige-een (selfs 'n kind) geles en verstaan word
- **genoegsaam** – die Woord is op sy eie genoeg om met God in die regte verhouding te wees

Dit is dus duidelik dat ons die Bybel moet lees. Ons hoef niks anders te lees nie, maar die Bybel moet ons lees. **Dis wonderlik om deur die Woord te groei in verhouding met God!**

● Aangesien die Bybel twee kante het, is daar twee maniere om die Bybel te lees. **Daar is 'n natuurlike lees en 'n geestelike lees** moontlik. Wat beteken dit?

NATUURLIKE LEES

Natuurlike lees is soos ons gewoonweg lees: ons fokus **op die Bybel** vir kennis en **INFORMASIE**. Die informasie van die boek maak 'n impak op ons **verstand, wil en emosie**. Ons lees die Bybel vir dit wat **ALGEMEEN** waar is. As ons so lees, probeer ons om die Bybel – **die objektiewe Woord** – reg te **verstaan**. **Hierdie tipe lees is belangrik want sonder goeie begrip vir wat die Bybel regtig sê, sal ook ons geestelike lees ongegrond en misleidend wees. Natuurlike lees kom altyd eerste – geestelike lees is net die persoonlike toepassing van die natuurlike en algemene waarheid.**



GEESTELIKE LEES

Geestelike lees is 'n dimensie wat saam met ons gewone lees van die Bybel (kan) gaan as ons gelowig is: dit fokus om God se stem **deur die Bybel** te hoor. Die Heilige Gees pas die Woord toe op ons eie lewe en **onderstreef** wat **SPESIFIEK vir ons** waar is. Ons ervaar dat ons nie net die Bybel lees nie, maar dat die Bybel ook ons lees! Die Bybel word die **subjektiewe Woord** van God aan ons. Ons ervaar dat God met ons persoonlik praat. As ons hierdie Woord in ons **hart (of gees) aanvaar**, lei dit tot ons groei en **TRANSFORMASIE** – dit is die hele doel van ons geestelike lees.

● **Ontwikkel 'n Dissipline van die Woord** - 'n heilige plek en 'n heilige ruimte
Kry 'n gereelde tyd om met die Woord stil te word (dalk 'n halfuur – daar is nie 'n vaste voorskrif nie). Probeer 'n ritme ontwikkel, bv. daaglik of weeklik. Sonder eerder korter en meer gereeld af as andersom. Rig vir jou **'n vaste plekkie** in en maak dit mooi – bv. met 'n prent van Jesus of 'n spreuk teen die muur. Dalk het jy 'n uitsig op die tuin. Maak in jou stiltyd ruimte vir albei van die volgende:



- **Lees 'n kort gedeelte aandagtig** - 'n paragraaf of twee, of hoogstens 'n hoofstuk. Merk die gedeeltes wat vir jou uitstaan in kleur. As iets vir jou onduidelik is, kan jy dit vergelyk met ander vertalings wat jy het, of daarvoor lees in 'n eenvolume Bybel-kommentaar (bv. *Die*



Bybel in Praktyk). Maak jou eie notas of kruisverwysings in jou Bybel. Verstaan goed wat die oorspronklike bedoeling van daardie gedeelte is.

- **Lees die gedeelte weer stadig** en hierdie keer met die hartsvraag: *Here, wat wil U vir my sê?* Bepeins die gedeelte dan: rol dit rond in jou gedagtes, beskou dit uit verskillende hoeke, leef jou in die gedeelte in met jou verbeelding. Skryf enkele notas in jou joernaal. Bid die gedeelte dan: reageer daarop - sê vir die Here "ja" soos dit toepaslik is. Bid ook jou eie gebede. Sit dan bloot by die Here vir 'n tydjie. Maak jou oë oop en gaan jou dag in.



Merk die volgende tekste in jou Bybel

Die Woord is deur God geïnspireer

2 Tim 3:16; 2 Pet 1:21

Die Woord is lewend

Heb 4:12

Die Woord as brood

(Lees oor die manna in Eks 16), Deut 8:3-4; Mat 4:4

Die Woord as saad wat opkom

Luk 8:1-15

Die Woord as swaard

(Heb 4:12), Ef 6:17, Op 1:16

Die Woord geestelik geles

2 Kor 3:6

Die Woord in Ps 119 (die psalmis gebruik "woord" hier as sinoniem vir wet, soos baie ander sinonieme) – merk minstens die volgende verse:

Ps 119 v1; v9, v89, v105, v130, v147, v162.

